Skryf dit in jou dagboek

Van skoue en shows tot feeste en wedrenne. Ons wys jou wat in jou kontrei gebeur en wat jy nie moet misloop nie!

Deur HENNELIE TYLDESLEY

TUISPALEIS

Decorex SA vind van 18 tot 21 Maart by die Exhibition Centre in Durban plaas. Met die bekendstelling van Trends & Tastes 2011 kan Durban se ontwerpfoendies uitsien na 'n fees van die jongste neigings in binnenshuise ontwerp en pragtige dekor. Hou die pers dop vir meer inligting.

LEIERSKAPkonferensie

By die sesde jaarlikse **Women's Leadership Conference** kan jy na gesprekke deur van ons land se mees dinamiese vroueleiers luister. Die tema by vanjaar se konferensie is: "Ons is die leiers waarvoor almal gewag het" en daarom val die klem op die waarde van vroueleiers in organisasies.

Die konferensie is op 10 en 11 Maart by die Sunnyside Park-hotel in Johannesburg en kos R6 300, wat verblyf en verversings insluit, en op 18 Maart by die Peninsula-hotel in Kaapstad teen 'n koste van R3 150 wat verblyf en verversings insluit. Daar is afslag vir groepbesprekings.

Bel 011 880 9749 om jou plek te bespreek

STRATE VAN GOUD

Streets of Gold is 'n sprankelende nuwe musiekblyspel wat sy verskyning vir slegs tien dae, van 24 Maart tot 3 April, op die planke van die Lyric-teater by Gold Reef City gaan maak.

Kunstenaars soos Amor Vittone, Samantha Peo, Cassandra en Shaun V is slegs 'n paar van die sterre wat jou gaan vermaak.

Bespreek jou plek deur Computicket

In almal se SMAAK

Pieter Toerien se weergawe van die drama-komedie ***Mass appeal*** met Graham Hopkins in die hoofrol, is van 29 Januarie tot 27 Maart by die Studio-teater, Montecasino, te sien. *Mass appeal* handel oor die konflik tussen 'n selfvoldane ou Katolieke priester Tim Farley en 'n jong idealistiese diaken Mark Dolson wat in sy welgestelde gemeente aangestel word.

Mark is vuur en vlam om die kerk te verander en hy geniet dit om vader Tim oor alles aan te vat en sommer die gemeente ook, wat na sy mening heeltemal te laks is.

Bel 011 511 1818 of besoek www.computicket.com om jou plek te bespreek. Kaartjies kos R150 en vertonings is van Woensdag tot Vrydag om 20:15, Saterdag om 17:15 en 20:15 en Sondag om 15:15

TOP GEAR weer in SA

Die **Top Gear Festival** is van 17 tot 20 Maart by die Kyalami Grand Prix-baan buite Johannesburg te sien. Met Jeremy Clarkson, Richard Hammond en James May, die Red Bull Formule 1-span en Suid-Afrika se eie Formule 1-kampioen, Jody Scheckter, sowel as 'n hele klomp gasbestuurders, aanbieders en bekendes, beloof dit om die grootste motorfees nóg in SA te wees.

Kaartjies kos vanaf R365 insluitend parkering. Vir meer inligting en besprekings besoek www.topgearfestival.co.za of www.computicket.com



As daar enige interessante uitstallings, opvoerings of skoue in jou omgewing plaasvind, stuur die inligting na hennelie.tyldesley@absamail.co.za of bel 031 466 4824

VRO0403pg060wie.indd 60 2011/02/08 08:15:11 AM